19 SEP 1950




Deel V. No. 9. 8 September 1950. 3/- per jaar.

# WES - TRANSVAAL OP SY KNIEË

## THEOS VEROWER NESER-BEKER

**Saterdag 2 September het die Theos. vyftiental skoonskip van die Wes-Transvaal-liga gemaak. Die dubbelrondte Neser-reeks is beslis toe P.U.K. vir Garnisoen met 13—11 verslaan het. Daardeur loop die Wit-maroon-en-ougoud jersies met drie punte los voor as die Wes-Transvaalse rugby-kampioene. Die Neser beker sal in 1951 binne die P.U.K. vir oulaas gehuisves word. As hy weer kom, sal hy aan die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys verwelkom word.**

Die oorwinning van Saterdag vorm 'n pragtige afronding van die jaar se spel in die Neserkompetisie en Prof. Goossens en Jaap Steenekamp met hulle strydrasse dra alle eer weg vir alles wat hulle sover presteer het—twee intervarsities en 'n dubbelrondte liga.

En tog is dit nog nie die einde nie! Nou is dit vir die span wat die hardste kan slaan! As Prof. Goossens en oom Japie op hulle vuiste spoeg, dan bring hulle ook die groot Blaine-beker huistoe in die uitklopreeks wat nou volg. Die oorwinning oor Garnisoen het reeds die eerste hou in hierdie reeks ook beteken.

Hoewel Saterdag se wedstryd nie die gehalte rugby van die intervarsitie teen U.O.V.S. opgelewer het nie, veral wat lewendigheid en vaste spel betref nie, het dit weer 'n ander kenmerk gedra n.l. die slaankrag van die agterlyn. Hier het Fires Saterdag wondere verrig.

Die wedstryd was nog nie baie oud nie, toe hy skoon om sy senter nael, sy ruggie hol trek, en toe hy sy skouer vir die heelagter gee, het hy die bal na Frik Venter laat loop, wat netjies gedruk het. Platbos het geen fout met die vervyfskop gemaak nie.

Garnisoen het verbete teruggeveg en Morkel het met 'n skitterende skepdoel vanaf die halflyn geantwoord. Hulle het die oorhand kort daarna gekry deur 'n onkant in die lynstaan. Deur 'n losgemaal en voordeel uit P.U.K. foute te slaan kon hulle met rustyd 11—3 oor die Theos. triomfeer.

Na rustyd het die spel 'n tyd lank doelloos rondgeswaai totdat die bal eindelik weer aan P.U.K. se kant uitkor. Schwellnuss het die bal aan Fires geskiet en hy het loodreg los-deur geskiet en langs die pale gedruk (11—10).

Nou was die groot vraag op die pawiljoen, sal P.U.K. in die orige tien minute nog die paal haal Schwellnuss het weereens die bal ontvang, die opposisie pragtig op hom gekonsentreer en toe hy die bal langs die agterlyn laat loop, het Frik dit op die regte oomblik ontvang. Hy het alles ingegooi en pragtig genael om in die hoek 'n wendrie te behaal. P.U.K. 13—Garnisoen 11.

**Sodoende kon die P.U.K. vir die eerste keer na 1941 (Piet Malan se span) weer daarmee spog dat hulle die Wes-Transvaler getoon, waar Dawid die worteltjies gegrawe het.**

Mooi so Theos! Ons wag nou nog net vir die Blaine ook! Julle verdien julle plek op die rugbykaart ten volle, en ons sal met nog groter genoegdoening ons sitplekke op die pawiljoen inneem of ten volle deel te hê aan hierdie segetog waarmee julle die Alma-Mater dien.

## *THEOS DIE KAMPIOENE .. IN DIE NOORDE ..*

**Deur hul skitterende spel 26 Augustus het die Theos ook die sterk span van U.O.V.S. onder stof geloop. U.O.V.S. het gelykop gespeel met U.P. vroeër in die jaar, en P.U.K. het U.P. sowel as U.O.V.S. verslaan. Daardeur het die jong boetie, die laaste kollege inter pares, deeglik die ouer broers die loef afgesteek. U.P. het Wits verslaan sodat die Theos. as 't ware ook Wits geklop het.**

Springbokpark het rugby uit die boonste rakke gesien—P.U.K. het saamgespeel, oop gespeel, vinnig en hard gewerk. Die wedstryd was nog nie drie minute oud nie, toe Platbos agter U.O.V.S. se doellyn lê—op 'n bal wat hulle self gehaak het. Die vervyfskop was egter te maklik. P.U.K. 3.

**U.O.V.S. het met 'n pragtige beweging hulle vleuel Roux 50 tree laat nael vir 'n drie onder die pale. U.O.V.S.—5.**

(Vervolg op bl. 8, kol. 3).

INGRAM SE BOTTELSTOOR

INGEVOERDE

en

KOLONIALE

WYNSOORTE

en

SPIRITUALIEË.

KOM NA—

POTCHEFSTROOM
HANDELAARS

Die mees bekende Afrikaanse Handelaars.

Fone: 259 & 250.
POTCHEFSTROOM.

J.N.J. KRITZINGER

FOTOGRAAF

ROYAL HOTEL-GEBOU,

Kerkstraat 84, Telefoon 455,

POTCHEFSTROOM.

AS U 'N FOTO WIL SKENK,

Kyk dan eers na ons Foto's (in ons Ateljee of by tevrede P.U.Kaners).

# Die Wapad.

8 September 1950.

**Hoofredakteur:** P. J. W. Louw, **Tegniese Adviseur:** P. H. S. Pieterse.

**Hulp-Adviseur:** J. T. Herselman.

**Subredakteure:** J. H. Booyens, D. F. Erasmus, J. A. Venter, H. de Klerk, Mejj. M. Calitz en M. Kruger.

**Administrasie:** C. Malan (voors.), F. Bothma, P. Viljoen, F. du Rand.

## ONS MAAK KENNIS OP VREUGDEDAG!

Dit is Vreugdedag—die derde keer wat die P.U.K.-studente vreugdedag vier as 'n gesamentlike aksie van junior en seniors saam. Dit is nog nie die rasegte „jool" wat ons op ander universiteite aantref nie, maar al 'n groot verbetering op die sogenaamde „Tweedejaarsvreugdedag."

Die doel van al hierdie geswoeg en gesweet is egter nie net om ons eie en ander organisasies se fondse te styf nie, maar om die naam van ons inrigting na die buitewêreld uit te dra, om aan die publiek te toon dat daar lewe en entoesiasme in die Wes-Transvaalse studente is, en om hulle te toon hoe ons as jong Calviniste ons uitleef in die gees van ons leuse!

'n Goedkoop propaganda vir P.U.K. is dit nie, en 'n aksie om studente na ons te trek is dit nog minder. Dit kan slegs bestempel word as 'n aksie om ons en die gees van ons inrigting aan die buitewêreld te openbaar, sodat ons geken mag word—geken mag wor as 'n universiteit wat Gods soewereiniteit op al die gebiede van die lewe erken: Of ons werk af speel—„In U lig" staan altyd bo ons lewens geskryf.

Die vreugdedag sal 'n kennismaking wees tussen die publiek van Potchefstroom en Klerksdorp, en die studente van P.U.K. Om hierdie rede, rus daar vandag 'n baie groot verantwoordelikheid op al die deelnemers om nie in 'n oomblik van opwinding buite die perke van 'n opregte Calvinistiese

(Vervolg op volgende kolom).

(Vervolg van vorige kolom).

lewe te gaan nie. Die swak optrede van slegs een student, kan die oorsaak daarvan wees dat die hele inrigting se naam daaronder ly. Die studentegees van P.U.K. is vanjaar besonder gesond en laat hierdie vreugdedag weer daarvan getuig—gee die publiek die geleentheid om hiermee kennis te maak.

Ons innige hoop is dat die dag 'n sukses sal wees en dat die studente hulle sal openbaar as 'n lewendige en aktiewe groep Afrikaners wat die gees van ons Boerevolk handhaaf!

## VREUGDEDAG-AANDFUNKSIE.

**Onthou Pukke die Vreugdedag hou nie op sodra die optog verby is nie maar die dag se vreugde word afgesluit met 'n funksie in die STADSAAL WAT OM 8 UUR DIE AAND BEGIN.**

**Kom neem deel aan al die spele.**

**Kom luister na al die musiekitems . . . .**

**Kom vat groot skrik in die Chamber of Horrors.**

**Kom eet heerlike pannekoek, wors, vrugteslaai ens.**

**Kom verseker, en bring al julle „pals" saam!**

'n Mens kan mense alleen regeer deur hulle te dien.

# Oordenking.

## SOOS 'N DIEF IN DIE NAG

**1 Thessalonicense 5: 2: „want julle self weet baie goed dat die dag van die Here kom net soos 'n dief in die nag."**

Paulus skryf aan die gemeente van Thessalonika om „Christus uit die hemele te verwag." Nie dat hulle vergeet het om dit te doen nie, maar juis omdat hulle in 'n te groot spanning daaroor verkeer het. Hulle het verlangend uitgesien na die dag van die HERE en nou skryf Paulus aan hulle om hulle daarop te wys, dat Christus se wederkoms onverwags sal wees— „soos 'n dief in die nag!" 'n Beeld wat 'n mens nie alte rustig laat voel nie, want 'n dief kom 'n mens in die nag alleen besoek met kwade bedoelings.

Paulus noem vir ons hier 'n tyd vir Christus se wedekoms nl. in die nag. Dit sal wees in 'n nag van geestelike en sedelike duisternis—'n tyd wanneer die sonde tot sy hoogtepunt gestyg het. As dié donker nag op sy duisterste is, sal die heldere dag van die HERE aanbreek, dan sal die HERE self neerdaal met 'n geroep en oor die hele aarde sal die klanke van die basuin van God weerklink.

As ons nou hoor dat Christus sal verskyn in so'n tyd van verwildering en verharding, dan vra ons onsself af: hoe staan dit met die tyd waarin ons leef. En as ons waarlik eerlik wil wees, dan moet ons erken dat die nag vêr gevorder het, ons kan reeds voel hoe die beklemmende duisternis om ons toesak. Die lig van die wetenskap brand in ons tyd helder, en die son van die kultuur kom met blinkende strale bokant die horison van die menslike lewe op, maar nogtans word die lewe van vandag alhoemeer 'n nagtelike lewe. **Ons** leef in 'n tyd waarin die ongeloof die mens bedwelm, dit is 'n toestand van sedelike verwildering en verharding, wat die mense en veral die jong geslag verhinder om te luister na God se Woord. Dit is juis vir hierdie mense wat dronk is van die opium van ongeloof wat ontnugter sal word op die dag van Christus se wederkoms. Vir hulle sal dit 'n verskrikking wees.

Die gelowige sê Paulus egter sal nie oorval word nie, want hulle is kin-

(Vervolg op bladsy 5, kol. 3).

*Van S.R.-weë*

## VERKIESINGS

Die **Verkiesings** begin **Maandag** die **11e September.** Dit is sekerlik een van die belangrikste gebeurtenisse op die P.U.K. Elke verkiesing wat sal plaasvind is die persoonlike verantwoordelikheid van elke student. Die studente-lewe vereis mans en dames wat toegeweid hulle taak vervul. Dit is harde en veereisende werk. Derhalwe wil ek die hoop uitspreek dat u almal sal besef dat die saak in die grootste erns aangepak moet word. U wat as kiesers sal optree moet weet dat u u stem alleen mag en kan gebruik in belang van die P.U.K. U wat verkies gaan word mooet weet dat u u posisie moet aanvaar om te dien en alleen die P.U.K. te dien. Die nuwe besture wat verkies gaan word sal die eerste besture van die **Potchefstroomse Universiteit** wees.

Mag ek aanneem dat die P.U.K.-studente dit in gedagte sal hou.

Die Verkiesingsprogram sal u op die kennisgewingbord kan sien.

* * *

Die 9e **September** is dit **Vreugdedag.** Die Studenteraad wil die bestuur sterkte toewens met die reëlings. **Mnr. Piet Venter** en sy bestuur het sover groot sukses op hulle arbeid. Mag die verrigtinge van die 9de die kroon wees.

* * *

Die Theos word gelukgewens met die verowering van die **Neser-beker,** en die oorwinning van die eerste **Blaine-wedstryd.** So ook die Korfbal met die verowering van die **Suid-Transvaalbeker** en die oorwinning van die semi-finaal vir die **Unie-skild.**

* * *

Dit was vir my aangenaam om hierdie kolom gedurende die jaar waar te geneem het. Ek hoop dat dit die kontak tussen die S.R. en studente verstewig het.

WILLEM DE KLERK.

Die reputasie van 'n man is soos 'n skaduwee—reusagtig groot as dit voor hom val, maar onbeduidend klein as dit agter hom lê.

DIE NUUTSTE ONTWERPE.
MODE SE HOOGSTE PUNT.

ENKEL-LISSIE
DAMESSKOENE
vanaf 29/6

EDWORKS (1936)
BEPERK
KERKSTRAAT, POTCHEFSTROOM.
durende gemak.

PLAZA-KAFEE
(Onder persoonlike toesig van Mnr. en Mevr. Ferreira).

* * *

Vir—
GOEIE EN NETJIESE DIENS,
Probeer die
PLAZA,

Die Sportman se Kafee.

Foon 249. Kerkstraat 109.

Bespaar Tyd, Kragte en Skoene



aan te skaf.

C. VAN DER MERWE,
FIETSHANDELAAR.
Kerkstraat 92, Potchefstroom.

T. H. BOLTON (Edms) Bp.
BOU-AANNEMERS.

VIR ENIGE WERK IN
WES-TRANSVAAL.

Adres: Kerkstraat 172, Tel. 718,
POTCHEFSTROOM.

I. GLASER,

KING EDWARDSTRAAT 83.

Die beste vir

OMEGA - HORLOSIES
EN VERLOOFRINGE.

Diens en Waarde is ons Leuse.

Foon 218. Bus 248.
Potchefstroom.

ONDERSTEUN 'N OUD-P.U.KANER

J. P. V.D. WALT. L.F.V

Apteker

Kerkstraat 111 (langs Ackermans)

Foon 929,
POTCHEFSTROOM.

* * * *

Ek voorsien alles wat van 'n Apteek verlang word.

*Die Kwaliteit*

SKOENWINKEL

DE BRUYN

NUUTSTE SOMER-MODELLE

NOU IN VOORRAAD.

# NUWE WETENSKAPLIKE ONTDEKKINGS.

## BRAAIPAN.

Dames sal seker belangstel in die braaipan wat onlangs deur twee Amerikaners (natuurlik) gepatenteer is. Dit is nie sommerse pan nie, want mens hoef nie eens 'n krieseltjie vet daarin te sit nie en die kos kom pragtig! Dit het hierdie eienskap te danke aan die verbinding van silikon en koolstof, waarmee dit oorgetrek is.

## LEESPEN VIR BLINDES.

'n „Pen" wat 'n blinde in staat stel om 'n getikte vel te lees, en 'n „flitslig" wat hom in staat stel om sy omgewing te ondersoek, is ander nuwe patente. Hierdie twee instrumente is ontwikkel met die bestudering van elektroniese hulpmiddels vir blindes.

Die persoon wat die „pen" gebruik, gebruik 'n oorfoon (?) wat verbind is daaraan. Die pen „lees," en „praat" dan met die blinde deur sekere klanke voort te bring.

Die „flitslig" word in die hand gedra en dra dan klanke oor aan die blinde. Die klanke varieër met die afstand vanaf die persoon. Dit stel die blinde instaat om die teenwoordigheid van water, rotse, bome ens. vas te stel.

## FLUOOR.

Die mees onregeerbare elemente is fluoor, 'n baie aktiewe gas, bekend as die „hellcat" van die skeikunde. Skeikundiges beskou dit as die venynigste, mees geweldadige element wat ooit ontdek is. Indien gekonsentreerd, brand dit staal, lood, koper, chroom, goud, silwer, platina, asbes, glas en water.

'n Gegradueerde student van die Universiteit van Kalifornië was besig om van die gas deur 'n apparaat, geheel en al van glas, te lei, toe hy 'n klein lekplekkie opmerk. Hy wou dit probeer toemaak met 'n draagbare blaaslamp, maar het eensklaps met 'n gil teruggespring. Die glas was besig om voor sy oë in 'n rookdamp te verdwyn!

In 'n ander laboratorium het 'n werker sy hand per ongeluk in 'n stroom van die gas laat kom, en hy moes tot sy verskrikking sien dat sy vingernaels in ligte laaie staan.

By die universiteit van Columbia het 'n student 'n fluoorverbinding in 'n fles opgeskud. Hy het sy oë vir 'n oomblik weggedraai en sodoende sy gesig gespaar, want op daardie oomblik het die hele affêre in 'n vlam verdwyn.

Tog het skeikundiges daarin geslaag om hierdie uiters gevaarlike gas te tem.

## Ons—Draers van die Afrikaanse Taal en Kultuur.

**Jan:** Hello Piet, gaan jy vanaand sing-songs toe?

**Piet:** Man, ek weet nie of my meisie sal gaan nie want sy shunt my geweldig die afgelope tyd. Ek het sommer lus en breek die case of hike vanaand huis toe en vergeet die date wat ek met haar aanhet. Of hoe sê jy, Jan?

**Jan:** Jy sê vir my. Jy laat my dink aan daardie brief van een van die P.U.K.-dames waarin sy 'n mooi poging aanwend om 'n goeie gees op die P.U.K. aan te wakker.

(Vervolg op bladsy 7, kolom 1).

W. J. GROBBELAAR

DAMES EN HERE HAARKAPPER.

*MARCEL EN WATERGOLWING.*
*PERMANENTE HAARGOLWING.*

allernuutste waarby ingesluit die modieuse „Cold Perm."

*Helen Curtis Machineless Oil Perm,*
*Jamal Machineless Cream Perm.*

BEKWAME BEHANDELING GEWAARBORG.

Agente vir
SIGARETTE, TABAK EN FANTASIEGOEDERE.

Tel. 330. KERKSTRAAT 92, POTCHEFSTROOM.

# VREUGDEDAGREELINGS

## POTCHEF-STROOM-GROEP:

### PROGRAM:

(1) Vertrek Sondagoggend om Half-nege (8.30) vanaf die Hoofgebou.

(2) Die vlotte word in die volgende groepe verdeel:

(a) A-groep: Nos. 1, 2, 4, 6, 18 en 20.

(b) B-groep: Nos. 3, 5, 7, 8, 19 en 21.

(Elke vlothoof het reeds sy nommer en persone op vlotte kan dit by die betrokke vlothoof uitvind).

(3) Groep-A gaan by hek van Thabajah uit, draai regs in Meyerstraat op oor die spoor. Verder reelings in die verband sal deur die leier van die bepaalde groep getref word.

(4) Groep-B gaan by die Oostelike hek uit (in Joostestraat af). Reelings sal verder deur die leier van die groep getref word.

(5) Die fietse word ook verdeel in 'n A en B groep en sluit outomaties by die vlotgroep A en B aan.

(6) Die groepe A en B ontmoet mekaar om 9.45 op die hoek van Spruit- en Kerkstraat en ry dan saam deur die dorp.

(7) Nou ry die vlotte 'n draai deur die dorp en hou by die Stadsaal stil en dan eers begin die kollekte in die besigheidsentrum.

(8) Die kollekte sal op die volgende wyse geskied: Groep-A kollekteer aan die kant van die Rendezvous, en Groep-B aan die van die King's Hotel. (Persone moet hulle stiptelik aan die reelings hou en nie oor die straat heen en weer hardloop nie).

(9) Om 11 uur moet alle persone terug wees by die vlotte en hiervandaan sal die kollekte verder gereel word deur die betrokke verantwoordelike persone.

(10) Om kwart oor twaalf (12.15) moet al die vlotte by die Park wees en hiervandaan gaan ons terug na P.U.K. vir middagete.

(11) Om 2 uur vertrek ons weer na die Park en kollekteer hier tot 3 uur, gaan dan terug na P.U.K. en breek al die vlotte af op die voetbalveld.

## PUKKE!!
## SKUD DIE BUSSIES

**Die groot dag is hier!! Of die wind nou gaan waai of wat ook al, ons gaan Vreugdedag hou. Ons gaan die bussies skud en geldmaak . . . nie net geld maak nie maar die dag geniet. Gebruik al julle „wit", intervarsity is verby, om die mense te oortuig dat ons die bussies moet volmaak. Die Hoofbestuur wens almal wat betrokke is in die Vreugdedag sterkte toe . . . . Laat dit die dag van die jaar wees, Pukke!**

**P. J. VENTER,**
**(Leier-Vreugdelag).**

## KLERKSDORP-GROEP:

**(Leier Mnr. Bussie Botha):**

### PROGRAM:

(1) Vertrek stiptelik kwart oor ses Saterdagoggend vanaf Hoofgebou. Hoofgebou.

(2) Al die vlotte hou by die plantasie net voor Klerksdorp binne gegaan word stil.

(3) Die vlotte sal in Klerksdorp in die straat parkeer en almal sal nou verder saam in die dorp kollekeer, behalwe die persone wat deur mnr. Botha aangewys word om die vlotte te bewaak.

Om elfuur (11 uur) moet almal by die vlotte terug wees.

(4) Nou sal almal met die vlotte vertrek en by The Red House gaan parkeer.

Om 12 uur moet almal by die vlotte terug wees.

(5) Hiervandaan verrek ons ALMAL na Sentraal Ko-op. Bpk.

Om 12.30 moet almal by die vlotte terug wees.

(6) Hiervandaan vertrek almal met die vlotte op 'n roete wat deur Mnr. Botha aangedui word.

(7) Om 1.30 MOET ALLE PERSONE BY DIE VLOTTE WEES OM TE VERTREK NA POTCHEFSTROOM. Vlotte word by die voetbalveld afgebreek.

(Vervolg van bladsy 3, kolom 1).

ders van die lig. Hulle het 'n nuwe aard, want Christus het hulle uit die duisternis gebring tot sy wonderbare lig. Maar om kind van die lig te wees is om 'n besondere roeping te hê Om gedurig so te lewe dat jy Christus uit die hemele verwag is geen passiewe stilsit nie, maar dis die hoogste aktiwiteit van die geloofslewe. Dis "n gedurige stryd om te waak, 'n stryd tussen vlees en gees, natuur en genade.

En nou! Staan elkeen van ons se lewe in die teken van Christusverwagting? Ons as jongmense is maar altyd geneig om ons oor te gee aan die bedwelmende invloed van die wêreld met sy begeerlikhede. Daar is nooit 'n direkte wegdraai van die kerk met sy gestrengheid nie. Ons glo ook nog wel in God en ons besoek nog die kerk, maar verder kom dit nie. Om as gelowige te leef is te 'n swaar las op die skouers. Ons is eerder geneig om op die rotse van ongeestelikeid te strand as op dié van oorgeestelikheid. Juis hierin kan 'n mens al die verslapping sien, 'n verslapping in die geloofslewe, en waar daar verslapping is daar laat die wêreld sy invloed geld en daar is daar afval. Daarom waarsku Paulus ons ooreenkomstig ons nuwe aard, om **nugter te wees en te waak** en met hierdie roeping wys hy ons ook die kleding aan: „die borswapen van geloof en liefde aan, en as helm die hoop op die verlossing." Ons moet steun op God se geregtigheid en krag, en op die liefde van Hom „wat ons eerste liefgehad het. Ons lewens moet dankoffers aan God gewy wees— dan sal Sy wederkoms vir ons geen verskrikking inhou nie, maar sal hy ons met Hom neem in die hemelse blydskap en heerlikheid.

W. J. I. M. DU PLESSIS.

'n Mens kan woel as jou baas rus, maar jy kan nie rus as jou baas woel nie.

# OP DIE VOORGROND.

**(Uittreksels uit die Transvaler van 3 Januarie 1960).**

**Ds. Willem de Klerk,** minister van buitelandse sake het onlangs in die parlement 'n skitterende toespraak gelewer wat sy teenstanders heeltemal oorweldig het.

* * *

**Mnr. Rooi Koos Botha** die bekende mieliekoning van die Kroonstadse distrik het onlangs die trotse vader geword van twee fris rooikop seuns.

* * *

Tydens die pas afgelope besoek van die Springbok hokkiespan in Amerika het besondere eer **mev. Reiner-** vroeër **mej. Herta Trunsch** die kranige linkerskakel te beurt geval.

* * *

**Ds. Pierre Louw** wat hom al verskeie kere op die gebied van joernalistiek onderskei het het meer 'n insiggewende verhandeling oor die veelbelowende digter Louis Krüger se jongste bundel gelewer.

* * *

....Prof. Duvenage en sy aanvallige vroutjie (vroeër mej. **Magda Kok**) is onlangs opgemerk by die tuinparty van die Goewerneur-Generaal.

* * *

**Dr. en Mevr. Koos du Plessis** het so pas teruggekeer van oorsee. Op die oomblik is Mevr. du Plessis en haar skoonmoeder besig om 'n groot volkspelelaer te Krugersdorp te organiseer.

* * *

**Rooi Koos:** There was never a saint with red hair.

* * *

**Stony:** The very hairs of your head are all numbered.

* * * *

**Lucia:** Love's like the measles—all the worse when it comes late in life.

* * *

**Grobbies:** He that falls in love with himself will have no rivals.

* * *

**Lesers van die Wapad:** They do nothing in particular. And do it very well.

* * *

**Campbell:** Come live in my heart and pay no rent.




# S-TVL.-TROFIE KOM WEER P.U.K.-TOE!

**Verlede Saterdag het die Korfbalspan gesorg dat die Suid-Transvaal Trofie weer sy tuiste by P.U.K. vind, toe hulle na 'n taai wedstryd Heidelberg Normaalkollege met drie punte geklop het.**

Daar is seker selde op P.U.K. so hard gespeel vir 'n beker. Sommige meen dat dit die mooiste spel is wat die afgelope 25 jaar op P.U.K. plaasgevind het. Die deurslag van die oorwinning was die aangename gees en gees van samewerking wat daar geheers het onder die P.U.K. speelsters. Heidelberg kan egter geluk gewens word met die mooi spel wat hulle gelewer het. Ons hartlike gelukwensing aan hierdie span! en **sterkte vir die finaal teen die winners van Noord-Transvaal, vir die Unieskild!**

**U.O.V.S.**

Op U.O.V.S., tydens die intervarsity, was die korfbal ongelukkig om te verloor met 'n eindtelling van 20:12. Ons weet natuurlik dat P.U.K. die tuisspan se spel gespeel het, nl. netbal— maar ons weet ook dat U.O.V.S. hulle sokkies moes optrek om die oorwinning te behaal.

## MANSHOKKIE.

**Met die onlangs-gehoue Intervarsity teen U.O.V.S. het die Pukke hulle besonder goed van hul taak gekwyt, want slegs drie minute voor die eindfluitjie het U.O.V.S. 'n doel teen die plank laat klap om sodoende 'n naelskraap oorwinning van 3—2 te behaal.**

Dat daar mooi hokkie gespeel is, getuig die woorde van **Mnr. Marquard** (voormalige Springbok-doelwagter) dat die wedstryd nie, soos voorheen, na 'n voetbalwedstryd gelyk het nie, maar aanskoulike hokkie was en dat elke speler presies geweet het wat om met die bal te maak sodra hy dit ontvang. Voorwaar 'n mooi prestasie vir 'n span wat aan die begin van die seisoen met slegs vier ou spelers begin het. 'n Woord van hartlike geluk aan ons ywerige en entoesiastiese afrigter, Oom Sakkie Joubert.

U.O.V.S. het die telling geopen met 'n pragtige doel. Maar die haastige voorlyn van P.U.K., gerugsteun deur die skakels, val aan en daar word geskiet. Die doelwagter keer maar **Steve** volg mooi op en behaal 'n doel.

Na halftyd kry Bloemfontein 'n ewe mooi doel. P.U.K. val aan, maar die word teruggestuur. **Piet,** wat egter baie mooi opvolg, besorg dit terug aan **Steve** wat die tweede pragtige doel behaal. Telling 2—2.

Die tyd raak kort en die spanning loop hoog. Die bal word baie mooi rondgestuur tot U.O.V.S eindelik pas voor die einde 'n derde doel kry en so die wedstryd wen.

Vir Bloemfontein het **Kruger, Britton, Kloppers** en **Laubscher** baie mooi vertoon terwyl **Oom Sakkie, Steve, Roelf** en **Bart** veral in P.U.K. span die oog gevang het.

## DAMES-HOKKIE.

**Kort gelede was intervarsity nog iets om na uit te sien en nou het dit almal dit reeds vergeet—behalwe natuurlik die Theos.—graag wil ons hulle nogeens gelukwens. Die hokkie het ongelukkig minder goed gevaar—die tweedespan het 1—0 verloor en die eerstspan 4—2. Albei spanne het egter pragtige spel gelewer en U.O.V.S. kan hulle maar klaarmaak vir volgende jaar.**

Die 31ste Augustus het die eerstespan 'n belangrike ligawedstryd teen Dorp gespeel. Albei spanne het hulle

tande vir mekaar geslyp en van die begin af was dit 'n taai wedstryd. P.U.K. was egter een te veel vir hulle, alhoewel hulle gedugte teëstanders was. Almal het toe met belangstelling uitgesien na Saterdag se finale bekerwedstryd teen Klerksdorp (K.A.A.A.). Na Theos se pragtige oorwinning teen Garnisoen asook die korfbal se oorwinnings was die hokkie vasbeslote om die beker te verower. In die eerste twee minute het K.A.A.A. 'n doel aangeteken—van toe af het P.U.K. hulle egter opdraend gegee en spoedig was die telling 1 elk. Byna teen die end het K.A.A.A. egter nog 'n doel aangeteken wat die spel 2—1 in hulle guns beslis het—en die beker aan hulle besorg het.

**Hiermee is die hokkiespan ook afgesluit. Dit was 'n aangename hokkiejaar en die „Taaies" sowel as die „Benoudes" en die derdespan het veel genot daaruit geput. Aan die kapteine en hokkiebestuur wil ons dank betuig vir hulle leiding en opoffering asook aan die afrigster Mev. Loots. Ook aan al die Pukke wat ons getrou ondersteun het wil ons dankie sê—en die beste wense aan al die ander spanne wat nog speel.**

## DANKIE!

**Aan al die Pukkies, wat hulle die moeite getroos het om af te reis na U.O.V.S. vir die Intervarsity, en wat daar so mooi ondersteun het op die pawiljoen, dat ons eerste span nie anders kon as om te wen nie, wil ek net langs hierdie weg my hartlike dank oorbrink. Nogmaals baie dankie.**

**C.P.**

(Vervolg van bladsy 4, kolom 3).

Sommige dames doen darem baie om 'n eg Afrikaanse gees op die P.U.K. aan te kweek. Dink net aan die liedjies wat hulle vir ons komponeer vir sing-songs, neem nou bv. „Cruising down the River." Dis mos baie mooi as ons iets van so 'n gehalte kan sing, veral as dit teen 'n ander Afrikaanse Universiteit is. Ons is tog immers die draers van die Afrikaanse taal en kultuur. En juis hierin sien ek die handhawing van ons tradisies.

Maar ons gesels later weet Piet, ek moet nou klas toe gaan. Sterkte hoor! en kap dit uit.

„JUDEBUGS."





*Die Wapenskild van* ***KROONSTAD***

Die leuse onderaan hierdie skild beteken „Die einde bekroon die werk".
Die wapenskild van Kroonstad, wat die wapen van die ou Vrystaat en 'n lokomotief vertoon—as 'n aanduiding van Kroonstad se belangrikheid as 'n spoorwegsentrum—is net so eg Suid-Afrikaans as Ronde Kommando-sigarette. Die uitstekende tabak waarvan hierdie sigarette gemaak word, was nog altyd die pronk-produk van die Suid-Afrikaanse tabakboer, en dit word vermeng om aan die smaak van Suid-Afrikaanse rokers te voldoen.

**RONDE**
# Kommando
**In naam en tradisie, 'n eg Suid-Afrikaanse sigaret.**




***KOOP SUID-AFRIKAANS— —KOOP KOMMANDO***

20 vir 1/- 50 vir 2/4
Gewoon of kurk

C 17 A


**Vis:** Dit is 'n kreatuur wat met verlof gaan omtrent dieselfde tyd as die meeste hengelaars.

**Verskoning:** Beleefdheid 'n bietjie te laat.

**Gewete:** Daardie fyn stemmetjie wat jou wysmaak dat iemand kyk.

W. J. SPAVINS EN SEUN

VIR ALLE

Elektriese Benodighede, Draadlose, Koelkaste.

KERKSTRAAT 65, POTCHEFSTROOM.

KOM SIEN ONS vir u FOTOGRAFIESE- en APTEKERSBENODIGDHEDE.

GEEN EN VELLEMAN, King Edwardstraat 124, POTCHEFSTROOM.

EXCELSIOR MEUBELS Beperk.

Ons lewer die beste gehalte MEUBELS teen die laagste pryse.

Besoek Ons en ons verseker U van ons beste dienste.

VERTOON LOKAAL:

Foon 743. Kerkstraat 132,

# NUSAS „BOEKSTAAF INNIGE HOOP VIR SAMEWERKING."

**„A blatant interference in internal affairs," „a subtle and at times not so subtle attempt to undermine theh principles and status of NUSAS," „disguised apartheid," „the temerity to dictate"—dit is wat NUSAS aan die begin van vanjaar die pogings van afgevaardigdes van Afrikaanse universiteite se Studenterade of toenadering tot hulle Engelssprekende kollegas, op die Durban-konferensie, bestempel het.**

In die lig hiervan lees die omsendbrief wat nou vanuit die NUSAS-kantoor aan alle Afrikaanse Studenterade gerig is, bra snaaks. In hierdie brief, wat deur mnr. P. V. Tobias, NUSAS-President onderteken is, word die sterk begeerte van NUSAS om samewerking met ons Afrikaans-sprekende mede-studente in die hand te werk," beklemtoon.

**Melding word gemaak van 'n mosie wat op NUSAS se kongres „entoesiasties en sonder teenstand" aangeneem is, „Dat die Studenteraad boekstaaf weereens sy innige hoop vir samewerking met die nie-NUSAS sentrums van Stellenbosch, Potchefstroom, Pretoria, U.O.V.S." ens.**

Om „sy strewe as Nasionale Studente-unie te dien," gelas die Raad die Bestuur om voort te gaan om nie-NUSAS sentrums te nader; om vergaderings te reël met VSRe en studente van hierdie sentrums; om te propageer en te verduidelik dat NUSAS se beleid is dat studenteskap alleen die basis is vir lidmaatskap van 'n Nasionale Studente-unie," ens., ens.

Die Studenterade word dan „vriendelik uitgenooi" om 'n waarnemer of waarnemers na die jaarlikse vergadering na NUSAS se Uitvoerende Komitee te stuur.

Ten slotte kom mnr. Tobias met 'n ewe vriendelike aanmaning: Elke jaar wat verbygaan maak dit al moeiliker om ons Suid-Afrikaanse Studenteliggaam byeen te bring: dit is al laat; dit is baie laat. Dink u nie dat die dag aangebreek het waarop ons weer met mekaar kan gesels, met mekaar kan werk?"

—(Uitgereik deur die Departement van Publisiteit van die Afrikaanse Studentebond).

---

(Vervolg van bladsy 1, kolom 3).

Maar wie sê? Die Pukke het hard verdedig en deurgaans gebiedsvoordeel geniet. Die senters en die vleuels het hulle opponente doodgevat en Visser het sy plek op die heelagter vol gestaan. Voor rustyd het **Schwellnuss deur 'n skitterende steelkant-breekslag U.O.V.S. verdwaasd laat opkyk en Platbos het ook nie misgeskop nie. P.U.K. 8—U.O.V.S. 5.**

Na rustyd is die voorsprong vergroot toe **Campbell** vinnig 'n lynstaan laat vorm, die bal vir **Chris Beyers** in gooi en toe **Murray** pale-toe nael, los hy 'n steekskoppie, wat **Prinsloo** opgeraap het vir 'n onvervyfde drie. Dit was die eindtelling. P.U.K. 11—U.O.V.S. 5.

Ons kan nie van hierdie nabetragting afstap nie, sonder om die agtvoorspelers hier te noem nie—die skitterende wyse waarop U.O.V.S. se losskakel onskadelik gestel is, telkens as hy die bal vat. Daarby sal Platbos se duikslae op sy opponent se rug en die daaropvolgende losrollende balle nog lank in ons herinneringe lewe. Met reg is daar dus gesê, dat dit amper beter was as U.O.V.S. die bal bemeester het, want P.U.K. het hom gespeel! Die telling kon groter gewees het—dit sou nog steeds 'n weergawe van die spel gewees het.

(Vervolg van bladsy 9, kolom 2).

HAROLD'S AUTOMOBILE SERVICE STATION

Agents for

KAISER-FRAZER MOTOR CARS AND FEDERAL TRUCKS.

Automobile Repairs — Petrol, Oils, and Greases.

Re-boring, Welding, Battery Charging, Spares, Accessories.

Phone 229. 166, King Edward Street, POTCHEFSTROOM.

# SELFSTANDIGWORDING SE FEESTELIKHEID IN SIG.

**Alhoewel die kommissie wat belas is met die reëling van die feestelikhede gedurende die onafhanklikheidswording van die P.U.K. nog maar suinig is vir besonderhede aangaande die geleentheid, het hulle darem al 'n paar van die hoogtepunte in hierdie feesprogram genoem waarna ons solank kan uitsien.**

Die feestelikhede sal reeds op 13 Maart 1951 'n amptelike aanvang neem, wat sal begin word met 'n hoogstaande musiekkonsert. Hier sal natuurlik gebruik gemaak word van die beste talent waaroor die nuwe Universiteit beskik, en sal terselfdertyd 'n weerspieëling wees van wat die inrigting op kunsgebied bereik het. Dit sal beslis 'n passende inleiding tot die feestelikhede wees.

Die feesvierings sal egter ook die studentelewe in sy volle verskeidenheid weergee, want verskeie ligtere vorme van vermaak en ontspanning word in die vooruitsig gestel. So sal 'n vrolike opelug-konsert en braaivleisfunksie een van die baie geleenthede wees waarna ons reeds watertand na kan uitsien.

Gedurende hierdie selfde tyd sal die jaarlikse studentejool plaasvind, met watter geleentheid ons die kans sal kry om in 'n bonte menigte die dorp en omgewing op horings te neem, en die beurs van ons nuwe Universiteit sommer met baie ponde te sterk. Voorwaar 'n okasie om in gedagte te hou!

**Die oud-studente van die inrgting sal ook terdeë in die geleentheid gestel word om ou bande van vriendskap weer opnuut te smee, en in 'n baie gesellige atmosfeer die heerlike vergange studentelewe te herkou.**

Dit sal dan ook natuurlik die laaste geleentheid wees waarby grade deur die Universiteit van S.A. toegeken word, want die professore sien al naarstiglik daarna uit om ons met nuwe leerplanne en nuwe vraestelle te bestook dat ons na wetenskap ruik.

**Die fees sal sy hoogtepunt op Saterdag 17 Maart 1951 bereik wanneer die Universiteit van Potchefstroom sy oktrooi sal ontvang, met watter geleentheid die inrigting dan finaal „gespeen" sal wees van die Universiteit van S.A. Hierna sal die publiek onthaal word deur die Raad en Senaat.**

**'n Besondere hoogtepunt in hierdie dag se verrigtinge sal die legging van die hoeksteen van die nuwe biblioteekgebou, wat by voltooiing £48,000 sal kos. Hierdie gebou sal enig van sy soort in S.A. wees.**

Op passende wyse soos dit 'n inrigting soos die Universiteit van Potchefstroom betaam, sal al die verrigtinge met 'n dankdiens afgesluit word.

---

(Vervolg van bladsy 8, kolom 3).

Mooi so Theos! Julle het hard gewerk, en verdien die universitêre rugbykroon ten volle.

Wat die „Navy" betref hulle was baie ongelukkig om 9 (3 strafskoppe) teen 6 punte ('n pragtige skepskop van **„Van" van Niekerk** en 'n gesamentlike voorspelerdrie) te verloor. Julle moedige poging en **Kaspaas** se **Haasbroek** se pragtige heelagterspel het die toejuiging van die publiek ten volle verdien.

**Ander uitslae was:**

O-19: P.U.K. 3, U.O.V.S. 12.

3e Span: P.U.K. 3, U.O.V.S. 5.

Tennis: Mans: P.U.K. verloor.

Dames: Wen in stelle, verloor met 1 spel

Jukskei: P.U.K. gewen 2—1.

Hokkie: Mans: verloor 3—2.

Dames: verloor 4—2.

Vasvra: Beker deur P.U.K. gewen. (Span: Waal Meyer, Laura Heese en Jan de Bruyn).

---

GAMSU-SLAGTERY

(Eienaars: Randse Koelkamers).

Telefoon 76. Posbus 166.

Direkteure:

E. M. Wright,
K. de J. Hofmeyer.
I. J. D. Wentzel.

**Kerkstraat 72,**

**POTCHEFSTROOM.**

Ons verskaf die beste kwaliteit **VLEIS, VIS, HAM en PLUIMVEE.**

**PUKKE**

IS ALTYD HARTLIK WELKOM BY

**UNIEWINKELS**

AS HULLE IN JOHANNESBURG IS.

**ONS VOORSIEN REEDS:—**

- **P.U.K.-KLEURBAADJIES.**
- **P.U.K.-DASSE.**
- **P.U.K.-VOETBALTRUIE EN KOUSE.**

UNIEWINEKLS BPK.

**Kerkstraat 45. JOHANNESBURG. Foon 22-4746.**

*LEES*———

Die Westelike Stem

**Enigste Afrikaanse Weekblad wat gepubliseer word vir Wes-Transvaal.**

———:o:———

SPORTSBERIGTE, ALGEMENE NUUS.

# ADVERTISEMENT

U persoonlik verskyning nodig aandag!

Gebruik dus die „Groenblaar" voortbrengsels vir mooiheid

**„Be-a-beauty compleetion cream:"** Dit verlig gelaatskleur, en vergelyk die voue, dit houe die vel sag en sonder gebreeke, verniel puiste en oneffe. 5/6 'n bottel, posgeld gebetaal.

**Die „Groenblaar" vanishing cream:** Voortreflike wegraking roomkleur vir die gesig. Dit maak u uitkyk glad en sag. Eerdat u uitstap, smeer die Groenblaar wegrakings roomkleur aan en verwag uitslae. Hoogs aanbeveel vir dame.

**„Groenblaar" keepsweet deodorant:** Die meer beterste lekkerruik deodorant op die mark. Dit keer reukke. Smeer die roomkleur eerdat u na die dans toe gaan, eerdat u vryer ontmoet en eerdat u na geselskappe toe gaan. 1/3 'n pot posgeld gebetaal.

**G. Lovedrops (die wonderlike geur):** Langlaaste lekkerste geur." Voortreflike geure bo-op alles beskiklik. 'n Druppeltjie neem twee dae. Kry „Love drop" vandag en byvoeg betowering in u personaliteit.

**Zamlandela perfume:** Een van die volksgeure. Kry 'n bottel vandag en word die middelpunt van belangstelling. Slegs vir dames.

**„Gro-strate Hair Straightener:"** Hier die room is waarborg om enige koppige hare in 10 minute te doen. Gebruik dit insgevolgs met die gebruiksaanwysing en u sal die peperkorrel in twee tykke verniel. Hoe lyk dit, Jaap Helberg, (wat 'n van!)

**Die Rapid Hair Grower (Gouer Hare Groeier):** Die grondslag van die groeie van hare. Vir kaalkop en die vallende hare. Net die ding vir julle, Cambel en Dad! Smaak u vir 'n baard of 'n moestas? (Op, Alwyn!) kry die Rapid Hair Grower!

**SULKE BRIEWE ONTVANG ONS DAAGLIKS:**

**Roelf B. Pk. Koeistalle, skrywe:**

„U wonderlik geur „Lovedrop" is voortreflik. Die uitstaande lekkerste geur daarvan het deure na romanse, populariteit en liefde oopgemaak. Ek rekommandeur dit vir daardie mense wat mislukkig is maatskaplik.

**Koos Botha, Uitspan, skrywe:**

„My hare het geval en kaalkoppigheid het my gedreig. Ek het „Rapid Hair-grower" gebruik en nou berig ek dat hy hare groeie wonderlik goed." (Daars hoop, Don' C.)

Probeer gerus vir u self! Goue aflewering! Bestel per pos! !

Die „Groenblaar" geneeskragtig en toilet voortbrengsels is verkrygbaar alleenlik by:

P. en B. & Co.,
Pk. Bus 000,
Gathlandia,
Transvaal.

**Ideale gas:** Iemand wat sy gasheer laat tuis voel.

**Vinniger as telefoon, telegraaf en telegram:** Tell-a-woman.

**Vrou:** Sy inspireer 'n man tot groot dinge en probeer dan om hom te verhinder om dit uit te voer.

# STUDENTE VRIENDE,

Sopas het ons weer 'n mooi versameling tweedehandse teologiese werke ontvang. Ons noem u slegs enkele:

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| DR. A. KUYPER: Encyclopaedie der Heilige Godgeleerdheid. 3 dele kompleetfl | Posvry £3 | 15 | 0 |
| DR. A. KUYPER: Dictaten-dogmiek, 5 dele kompleet | Posvry £9 | 0 | 0 |
| Dieselfde werk in halfleerband | £10 | 0 | 0 |
| DR. A. KUYPER: Pro Rege. 3 dele kompleet | Posvry £2 | 10 | 0 |
| DR. A. KUYPER: E Voto Dordraceno. 4 dele kompleet | Posvry £4 | 2 | 6 |
| DA. A. KUYPER: De Engelen Gods | Posvry | 15 | 0 |
| DR. A. KUYPER: Het Beeld Gods | Posvry | 13 | 6 |
| DR. T. HOEKSTRA: Gereformeerde Homiletiek | Posvry £2 | 10 | 0 |
| DR. K. DYK: Het Ryk der duizend jaren | posyry | 18 | 6 |
| DR. K. DYK: Het Profetische Woord | | 17 | 6 |
| DR. K. DYK: Om 't eeuwig Welbehagen | | 17 | 6 |
| DR. K. DYKE: De Voorzienigheid Gods | | 17 | 6 |
| BYBELSCH: Handboek. 2 dele kompleet | posvry £3 | 0 | 0 |
| DR. H. BAVINCK: Gereformeerde Dogmatiek. 4 dele kompleet | posvry £4 | 2 | 6 |
| Dieselfde werk in halfleer band | posvry £4 | 2 | 6 |
| K. SCHILDER: De Openbaring van Johannes en het sociale leven | posvry | 11 | 6 |
| K. SCHILDER: Christus en Cultuur | posvry | 10 | 6 |
| K. SCHILDER: Licht in den rook | posvry | 13 | 6 |

Ook van NUWE werke het ons 'n groot versameling.

Ook spesialiseer ons in WYSBEGEERTE en aanverwante vakke, sowel nuut as tweedehands. Ons kan uit voorraad lewer o.a. 'n paar eksemplare van

DR. H. DOOYEWEERD: De wysbegeerte der wetsidee. 3 dele kompleet .... posvry,£5 10 0

SKRYF OMGAAND of indien moontlik BESOEK ONS.

# J. H. DE BUSSY

**MARITIMEGEBOU, PRETORIA. PRETORIUSSTRAAT.**

Gedruk deur Die Westelike Stem, Potchefstroom en uitgegee deur die P.U. K.-studente Verteenwoordigende Raad.